

Inperking 'onsinnig,' sê staat se dokters

Dawie Boonzaier

Talle van die land se voorste wetenskaplikes - selfs kenners wat in die minister van gesondheid se advieskomitee dien - meen die Covid-19-inperking dien geen doel meer nie.

Die rebellie van die regering se eie kenners wat sê die staat steur hulle eenvoudig nie meer aan hul raad nie, volg enkele dae nadat pres. Cyril Ramaphosa gewaarsku het dat die vlak 4-inperking in plek sal bly in gebiede waar die getal siekes bly styg.

“Ek wil herhaal wat ek al vantevore gesê het: As ons die inperking te skielik en te vinnig lig, loop ons die risiko van ’n onbeheerbare toename in infeksies. Ons sal daarom versigtig beweeg, gelei deur die advies van plaaslike en internasionale kenners,” het Ramaphosa Woensdag gesê.

Maar verskeie van die regering se eie kenners steun nie meer die inperking nie. Onder hulle is prof. Shabir Madhi, ’n entstofkundige aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits), wat sê die regering se maatreëls sal tot méér sterftes lei. Volgens Madhi kan nie die inperking, of enige ander ingryping, sorg dat minder mense met Covid-19 geïnfekteer word nie. “Of dit nou ’n ses maande periode is, of twee jaar, hierdie infeksie gaan tot ten minste 2021 of 2022 met ons wees. Ons kan nie daarvan wegkom nie... ’n inperking is nie ’n *magic bullet* nie.”

Madhi, ’n oudhoof van die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (Nios) en lid van die ministeriële advieskomitee (MAK), het op ’n paneelgesprek van *Daily Maverick* gesê dat meer mense gaan sterf van siektes wat nie Covid-19-verwant is nie. Suid-Afrikaners moet nou self verantwoordelikheid vir hul gesondheid kan neem.

Dr. Glenda Gray, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (MNR) en ook ’n MAK-lid, het die regering se plan om die inperking uit te faseer teenoor News24 as “onwetenskaplik en onsinnig” beskryf. Die Chris Hani Baragwanath-hospitaal in Soweto sien vir die eerste keer in dekades kinders wat aan wanvoeding ly.

Nog ’n MAK-lid, prof. Marc Mendelson, hoof van oordraagbare siektes en MIV-medisynie by die Groote Schuur-hospitaal, glo ook dat die uitfasering van die inperking nie deur wetenskap gelei word nie. Volgens Mendelson is infeksies onafwendbaar: “Tot 60% of so van die land sal oor die volgende twee jaar geïnfekteer word, maar om die infeksiekoers te beperk gaan ons nie regkry deur die inperking nie.”

Dit kom vier weke nadat prof. Salim Abdool Karim, die regering se hoofwetenskaplike oor Covid-19, aan *Rapport* se Hanlie Retief gesê het: “Ek dink ons het reeds die vrugte gepluk van die inperking. Ek is nie seker hoeveel meer dit ons kan help nie.”

Madhi sê die inperking beteken reeds dat Suid-Afrika se grootste gesondheidsuitdaging, tuberkulose (TB), agterweë gelaat word. Hy sê daar is reeds ’n afname van amper 50% in TB-toetse. Dit beteken dat diagnoses laat gemaak word, wat ’n invloed het op pasiënte se kans op herstel. TB het in 2018 sowat 63 000 Suid-Afrikaners se lewens geëis, volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO). Dit is dubbel soveel mense as wat sover in Italië aan Covid-19 gesterf het.

Lees verder op bl. 2